

Alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Waarskuwing!!!

Die volgende het niks te make met die geskiedenis nie, wanneer het jy laas 'n rugsteenkopie van jou data gemaak? By my is dit 'n geval van as die son skyn lek die dak mos nie. Verlede Woensdag toe ek my rekenaar aanskakel hoor ek net woer,woer, ---- woer,woer. Ek laai toe maar die hele spul in my motor en gaan kuier by 'n slim rekenaar mannetjie hier naby ons. Hy sê dadelik my hardeskyf het ingegee, maar geluk by die ongeluk - ek het twee van die goed, die hardeskyf met my programme is nou afgeskryf maar die een met my data werk nog. Terug by die huis het ek dadelik 'n kopie van al my data gemaak. Nou sukkel ek net om my rekenaar weer my eie te maak, [personel computor] My kamera wil nie werk nie, al my dokumente in nou in duim i.p.v. cm en hier swem 'n lastige seester rond elke keer as ek met die muis werk.

Eerstens so iets oor die ou begraafplaas in Kerkstraat. Indien iemand navrae het, ek besit 'n kopie an Tom Andrews se boek: "God's Acre. Church Street Cemetery", en op die veiling van sy versameling het ek al sy fotos van die ou begraafplaas gekoop. My volgende projek is om te probeer toestemming kry om digitale fotos van die begraafplaasrekords te neem en dit dan op CD te sit. Dit sal navorsoing, veral oor familiegeskiedenis baie vergemaklik.

Wie is in my graf begrawe?

Richard Kelsey Loveday is oorlede op 10 Julie 1910. Toe F.L.C.B. Juta [die eksekuteur van sy boedel] die familie grafte, nommer 5 tot 7 en nommer 27 tot 29, wou laat omhein kom hy agter dat daar onbekende persone in twee van die grafte begrawe is.

Die volgende gegewens kom uit korespondensie in die Argiewe van die Pretoria Dicesan Trustees soos getranskribeer deur Tom Andrews. [EMG-05]

Op 15 November 1910 doen Juta navraag by die stadsklerk oor die persone wat in grafte 28 en 29 begrawe is. [EMG-05 p07]

Na 'n lang briefwisseling tussen Juta, die Stadsklerk, die Registrateur van die Diocesan Trustees en die Begraafplaas Superintendent kry hy uiteindelik op 30 September 1911 die volgende antwoord van Mn. A.P. Field [EMG-05 p20]

- In graf no 25 is George Kelsey Loveday begrawe. Hy is moontlik die baba seun/broer van R.C. Loveday. [Dus gladnie in die familie blok nie.]
- In graf nommer 28 is C.J. Juta en in graf nommer 29 is M.J. Juta begrawe [R.C. Loveday se skoonouers]
- Graf nommer 5 is leeg.
- In graf nommer 6 is A.W.M. Buller begrawe
- Graf no 7 is die van Inglass.

Die volgende verduideliking word deur mn. Field gegee: "Please note that, according to numbers, No 5 in the Eastern division is opposite No 25 in the Western, but the irregularity has been caused by an illiterate gravedigger, who could neither write, read or count; and has no idea of allotting regular and even spaces, so that, although in my register no 29 W is opposite no 9 E; ON THE GROUND 29 W is opposite No 7 E; the grave diggers name was MacCole and he died some seven years ago, so I have no means now of connecting his verbal representations, which latter were most awkward and difficult to follw. I vainly pressed upon him that a grave was 3ft in with, however small the space actually occupied or retianed. I had no Authority over him and he could do exactly as he pleased en he did."

Agtergrondstudie

Buller, A.W.M.

Geen inligting kon oor hom gevind word nie.

Ingliss, ??

In 1899 het 'n D. Ingliss in Victoria-terrace in Prinsloostraat [tussen Pretoriusstraat en Schoemanstraat] gewoon. [LON-01 p67]

Daar was ook 'n W. Ingliss & Son Taylors in Kerkstraat [tussen Queenstraat en St. Andriesstraat] in 1899 [LON-01 p27 en p56]

Juta, C.J. [*1817-8 September 1889]

Coenraad Jacobus Juta ariveer in 1857 Pretoria. [PLO-02 p077] Hy was in 1877 die minister van publieke werke [PLO-02 p166]. Sy broer was die uitgewer J.C. Juta van Kaapstad [AND-03 p039].

Juta, F.L.C.J.

Hy was die Griffier van die Hooggereghof in 1898 [STA-02 p400].

Loveday, Richard Kelsey [*4 Augustus 1854 – 10 Julie 1910]

Hy is gebore in Natal en het in 1872 na Pretoria gekom. Gedurende die beleg van Pretoria [1880-1881] was hy kaptein van die vrywillers in die "Convent Lager". Sy dogter wat gedurende die tyd gebore is se naam is Celine ter nagedagtenis aan Mother Margaret Mary [Celine Jolivet] van die Loretto Convent wat oorlede is 'n paar weke voor haar geboorte [AND-03 p46].

Voor die beleg van Pretoria in 1880 was hy Regestrateur van die Hooggereghof en ook Belasting meester. Tydens die beleg word hy kaptein van die Pretoria Rifles [ARG-04 p312].

Richard was een van die stigterslede van die Pretoria Klub in 1885 en was Voorsitter van die klub in 1890 tot 1895 [DEL-01 p26] [PR-058 p23] [ALL-01 p28].

Hy dien op die tydelike stadsbestuur van Pretoria vanaf 1897 tot 1900. [ARG-03 p260] [STA-02 p330] In 1899 is hy op die Finansiële Kommissie en ook op die Sanitäre Kommissie van die tydelike Stadsbestuur [ARG-03 p157].

In 1898 is hy lid van die Pretoria Verlichting Maatschappij en het ook 'n aandeel in die monopolie vir watervoorsiening [STA-01 p329] [ARG-03 p064].

In 1899 het hy in Schoemanstraat tussen Van der Walt en St. Andriesstraat gebly [LON-01 p79].

Hy was getroud met Augusta Juta [AND-03 p46].

MacCole

Geen inligting kon oor hom gevind word.

Erasmusgebou op Kerkplein

Dit lyk asof die geskiedenis van die gebou in groot geheimsinnigheid gehul is. Niemand het iets laat weet nie en al wat ek kon uitvind is die volgende:

Dit is gebou op erf 323 [of deel van die erf]. Die erf is in vier dele verdeel en die Noord Oostelike kwart van die erf het o.a. die volgende eienaars gehad. Ek het 'n afskrif van die landmeter W.A.A. Anderson se diagram van die kwart erf met die volgende op: "Attached to the deed of Transver No. 1144 made in favour of Albert Brodrick on the 26 of July 1864." Dit is

doodgetrek en bo-oor is geskryf: “made in favour of Johannes Elardus Erasmus on the 4th day of December 1878.”

Iets meer oor J.E. Erasmus.

Die enigste verwysing wat ek oor J.E. Erasmus kon kry is die volgende:

In 1878 word J.E. Erasmus gekies as deel van ‘n kommissie wat inligting by die eerste deputasie na Engeland [Kruger, Jorissen en Van Boeschoten] moes kry om onder die volk te versprei [VAN-03 p191].

Op 23 Oktober 1888 is ‘n memorie aan die Landdros gerig waarin hy versoek word om ‘n byeenkoms van stemgeregtigde “huishouders” te belê om te beslis of ‘n stadsraad vir Pretoria ingestel moes word. Een van die 30 persone wat die memorie onderteken het was J.E. Erasmus [ARG-03 p108].

Barton Keep 1889 tot ?

Die volgende van Nandor Sarkady:

Teen die einde van die vorige eeu was Jacob Marestraat ‘n deftige straat om in te woon. Hier het verskeie groot herehuise gestaan o.a. Hollard House, Parkzight, Melrosehuis, Langford House en Barton Keep. Slegs twee van die huise is vandag nog daar nl. Melrosehuis en Barton Keep.

Barton Keep was die woonhuis van Eddy Bourke. ‘n Belangrike gebeurtenis waarvan die huis ‘n stille getuie was, het tydens die Volkskongres op 24 Mei 1904 plaasgevind toe Bourke die Boereleiers, genls Botha, de la Rey en de Wet uitgenooi het asook die lord Milner, dit was veelbewoë dae in ons geskiedenis.

Die erf waarop die huis staan is in 1982 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Die vensterrame is verweer, die verf dop af – die tand van die tyd knaag al lank aan Barton Keep. Daar is nou ‘n Barton Keepfonds gestig om geld in te samel vir die restaurasie-kostes. As deel van die fondsinsameling word afdrukke van ‘n waterverfskildery van die skilder Columbe Ashborne nou teen eenhonderd rand stuk te koop aangebied. Die groote van die afdrukke is 60cm x 50 cm.

Bestel u afdruk by Die Redakteur, Posbus 5777, Pretoria 0001.

Nog is dit nie die einde van my rekenaar probleme nie. My e-pos het al die adresse verloor maar gelukkig het ek afskrifte van meeste in my telefoonboek. En dan soek die die e-pos na die D-skyf wat nou nie meer bestaan nie. Maar die grootste probleem is dat ek nie toegang tot Exell en my Pretoria Index het nie, soos dit vir my lyk het ek nou ander weergawe van office op my rekenaar [of so iets???] Maandag moet ek seker maar weer vir die rekenaarmense gaan kuier.

Onthou al die bronne wat ek gebruik het is op aanvraag beskikbaar.

Laat weet asseblief as u iets interessant gelees, gehoor of gesien het. Ons is nou al ‘n groep van 20 mense wat die brief ontvang. Ongelukkig is almal baie besig. Ek kan nie wag dat nog ‘n paar van u aftree sodat u tyd het om saam te gesels nie.

Groete,
Rosa Swanepoel